

25 September

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:6-10
Fokusgedeelte: Galasiërs 1:8

Evangelie

'n Halwe waarheid is dikwels veel gevaarliker as 'n volle leuen. Dit is dan ook een van Satan en sy valse leraars se beste wapens om ware gelowiges te probeer verlei – gevaarlik soos 'n wolf in skaapsklere. Die evangelie word dan deur hulle op so 'n wyse aangebied dat dit goeie onderskeidingsvermoë verg om die ware en die valse uit mekaar te ken.

Die dwaalleraars wat hulle in Galasië ingewurm het, het van hierdie taktiek gebruik gemaak. Dit is nie genoeg om net te glo dat jy alleen uit genade, op grond van Christus se verdienste, sonder enige verdienste van jou kant verlos word nie. Daar moet iets bykom by Christus se offer – jy moet ook die wet van Moses onderhou. Christus plus iets, Christus plus onderhouding van die wet, Christus plus goeie werke en hierdie dwaalleer word so verpak dat dit na die ware evangelie lyk.

In ons tyd is daar 'n geweldige aanslag op die suiwere evangelie. In ons teksgedeelte sien ons egter dat dit nie 'n nuwe gier is nie. Die aanslag deur die antichristelike magte sal feller word hoe nader die wederkoms kom. Daarom waarsku Christus ons teen die valse christusse en die valse profete, want die vader van die leuen is so slim soos die houtjie van die galg. Hy pas sy strategie aan by elke tydsgeewig. Ook waarsku Paulus ons teen hierdie Christus-plus evangelie en hy sê: "... laat hom 'n vervloeking wees."

In antwoord 30 van die Heidelbergse Kategismus bely ons sulke mense "... verloën met die daad die enigste Verlosser en Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem ..."

Mag God ons die genade gee om die egte goud van die evangelie te kan onderskei van die klatergoud van Satan. Net Jesus is ons Verlosser deur Gods genade. Dit is die Goeie Boodschap!

Sing: Skrifberyming 1-1:3

Ds. W de Vos (Emeritus)